

22 November

Skrifgedeelte: Josua 4:1-5:1 (OAV)
Fokusgedeelte: Josua 4:19-20

Gedenk die HERE se verbondstrou en sy verlossingsdade!

Dit is merkwaardig! Hoe ordelik werk die HERE God! Presies op die dag en datum, 40 jaar nadat die Israeliete die uittog uit Egipte begin het (vgl. Eks12:2, 3 en 13:4 en Jos 5:6), rig Josua die gedenkteken van 12 klippe op aan die westekant van die Jordaan. Voor die uittog het die HERE op grond van sy verbond aan Moses belowe dat Hy die Israeliete sal inbring in die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob belowe het (Eks 6:7). Nou, na 40 jaar, staan hulle op die grond van die beloofde land!

Josua se klipstapel herinner die volk aan die HERE se verbondstrou: Jy kan glo dat Hy sy beloftes verseker uitvoer. Die gedenkteken herinner die volk ook dat die HERE hulle God almagtige verlossingsdade doen: Hy kloof die waters van die Rietsee en die Jordaanrivier vir deurgangroetes – Hy red deur water heen! Die herinnering is egter nie maar net 'n *in memoriam* nie, maar doelgerig en effektief: Vertel julle kinders van die HERE se verbondstrou en van sy almagtige verlossingsdade! Hou aan om dit te vertel, ook vir ander volke!

Hoe gaan ons om met die HERE se verbondstrou en sy verlossingsdade? Of bestaan daar nie so iets vir ons nie? Wat van die “gedenk”-teken van sy verbondstrou op jou voorkop, naamlik jou doop? Wat van die almagsdaad van Jesus Christus deur die kruis en opstanding vir jou verlossing? Leef jy só daaruit dat jy dit ook wil vertel uit dankbaarheid?

Kinders se swak Bybelkennis wys alte veel dat ouers nie meer vertel van die HERE se verbondstrou en van sy verlossingsdade nie. Nee, gedenk dit in die koninkrykstyding met woord en daad deur die krag van die Heilige Gees!

Sing: Psalm 66:7

Ds. RL Vorster (Emeritus)